

Hoe om te  
**VERSKIL**



en  
**VRIENDE**

te Bly



**comeandreason**  
MINISTRIES

**I**n vandag se polities gelaaide kultuur, wanneer jy die verkeerde ding op die verkeerde tyd sê, kan dit jou van sosiale media-platforms laat afskop en jy nie na sosiale geleenthede genooi word nie, en kan dit 'n uitdaging wees om vriendskappe te handhaaf en steeds die vryheid te voel om jou menings uit te spreek. Wat jou politieke en sosiale opinies ook al is, is dit egter steeds moontlik om sterk, onbreekbare bande te handhaaf, selfs wanneer jy beslis nie met iemand saamstem nie. Maar hoe?

## **1** Wees Eerlik Met Jouself

Die eerste stap is om eerlik met jouself te wees oor of iemand 'n vriend of bloot 'n vriendelike kennis is. Dit klink dalk eenvoudig, maar dit is nie.

Baie glo verkeerdelik dat iemand 'n vriend is wanneer hy of sy bloot vriendelik is. Sosiale media het hierdie verwarring vergroot deur ander wat jy nog nooit ontmoet het of van wie jy nie baie weet nie, te "bevriend".

As jy nie hierdie verskil herken nie, sal dit valse verwagtinge in jou interaksies met kennisse en hul behandeling van jou skep, wat 'n mynveld van wankommunikasie, misverstande, seergemaakte gevoelens en konflik kan wees. Hersien dus nadenkend en opreg wie 'n ware vriend is en wie bloot 'n vriendelike kennis is.

2

## Waardeer Wat belangrik Is

Sodra jy vasgestel het wie 'n opregte vriend is, sal jy besef dat *regte vriende vir jou belangriker is as die argument*. Met regte vriende weet elke persoon dat die ander een opreg vir hom of haar omgee en dat verskillende standpunte nie net geduld moet word nie, maar ook waardeer moet word. Verskillende perspektiewe dra by tot die rykdom van die lewe, daag ons uit en skep geleenthede vir groei – maar meer as dit, daardie perspektiewe deel aspekte van jou vriende met jou en, soos jy jou vriende se sienings verstaan, verstaan en ken jy *hulle* beter.

Onder die sambreel van liefde kan jy 'n intense

debat en meningsverskil hê – selfs stomp, direk en passievol – omdat albei partye weet dat hulle geliefd en gewaardeer word en dat elke meningswisseling bydra om hulle nader aan mekaar te bring. Sulke meningsverskille oor idees en perspektiewe kan gehandhaaf word terwyl elke vriend aanhou om die ander persoon te waardeer.

Probleme ontstaan gewoonlik wanneer ons die fokus op die waardering van die persoon verloor en die idee, begrip, perspektief of argument belangriker as die vriend maak. Dit kan gebeur wanneer die onderwerp onder bespreking (bv. godsdiens of politiek) een is waaruit ons 'n persoonlike gevoel van veiligheid, sekuriteit en gemak verkry. Met ander woorde, as die idee wat uitgedaag word ons sou laat voel dat iets met ons verkeerd is, veroorsaak dit dat ons skuldig voel asof ons verkeerd gedoen het, of dit verhoog ons vrees en onsekerheid; dan sal ons eie onsekerhede, vrese en skuldgevoelens en die behoefte om onself beter te laat voel, kan veroorsaak dat ons die ander persoon se argumente as 'n aanval

teen ons persoonlik vertolk.

Jy kan dit vermy deur terug te stap in jou eie hart en verstand en jou persoonlike waarde van 'n liefhebber van waarheid te bevestig. Sodra jy dit 'n persoonlike prioriteit maak, sal jy nooit bang wees vir nuwe idees of perspektiewe wat jou sienings uitdaag nie, want jy besef dat ons almal onvolmaakte wesens is wat nie alles kan weet nie. Die enigste manier waarop mense groei, is om gewillig te wees om hul sienings te laat uitdaag, om deur die bewyse te redeneer en om beter sienings te verwerk wanneer hulle van die waarde daarvan oortuig is.

Ware vriende is diegene met wie jy veilig jou idees kan laat uitdaag en jou kan help groei. Maar wanneer julle nie vriende is nie, wanneer liefde nie die verhouding deurdring nie, dan word jy, namate onenigheid toeneem, kwesbaar om persoonlik aangeval te voel – en dit kan lei tot seergemaakte gevoelens en 'n persoonlike afkeer van die ander persoon.

# 3

## Liefde Eerste

Onthou dat liefde eers probeer om iemand te verstaan *voordat* dit probeer om verstaan te word. Dit beteken dat wanneer jy werklik 'n vriend liefhet, jy sal probeer om nie net die argument, die begrip of die standpunt te verstaan nie, maar die persoon self. Jy sal probeer om te verstaan wie die persoon is, wat sy of haar stryd is en hoekom hy of sy die posisies beklee wat hy of sy beklee. Jy sal probeer om die ander persoon se vermoë om verskillende sienings te begryp en te verwerk, te verstaan. En dan sal jy hom of haar laat weet dat jy hom of haar verstaan en waardeer as 'n vriend, as 'n kind van God, ongeag die spesifieke kwessie onder bespreking.

Hoe meer akkuraat jy die ander persoon verstaan, hoe meer doeltreffend kan jy in jou antwoorde wees. Jou begrip nie net van hul posisie nie, maar van hul ingesteldheid, vermoëns en motiewe, gee jou insig of die beste benadering is om jou standpunte aan te bied of om dit te weerhou.

Liefde laat h mens wyslik besef dat nie alle mense gereed is om elke waarheid te hoor nie. Jesus het vir sy dissipels gesê: “Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle sal dit nie nou kan begryp nie” (Johannes 16:12).

Die volwasse Christen gebruik goddelike wysheid om te onderskei wat om met wie te deel, en onthou altyd dat die persoon meer werd is as die argument. Dit is die toepassing van liefde, om die waarheid te deel wat liefde rig om gedeel te word om 'n ander op te hef en te bevoordeel, maar die weerhouding van waarhede wat liefde bepaal dat 'n persoon nie gereed is om te hanteer nie.

4

## Laat Ander Vry

Nadat jy eerlik met jouself was oor of 'n persoon 'n vriend of bloot 'n vriendelike kennis is, nadat jy liefdevol probeer het om die ander persoon en sy of haar standpunt te verstaan en waardeer, nadat jy aangebied het wat liefde en wysheid uitwys om gedeel te word, laat dan die ander persoon vry – vry om saam

te stem of te verskil, om jou sienings of idees te aanvaar of te verwerp.

Liefde tussen vriende kan slegs in 'n atmosfeer van vryheid groei. Harte en gedagtes kan slegs in 'n atmosfeer van vryheid verander word. Erken dat nuwe idees tyd neem om verstaan, opgeneem te word en om ou idees te vervang. Vryheid in jou vriendskappe laat elke persoon toe om aanvaar te word vir wie hy of sy is, selfs al verskil sekere idees of oortuigings. Dit is God se ontwerp: om waarheid in liefde aan te bied en ander vry te laat. Dit is hoe ons groei en floreer.

Geskryf deur Timothy R. Jennings, M. D.



Om meer te wete te kom oor die ontwikkeling van beter verhoudings in 'n atmosfeer van vryheid en liefde, besoek

**[comeandreason.com](http://comeandreason.com)**

[southafrica@comeandreason.com](mailto:southafrica@comeandreason.com)